# FAKKEL-FLITSE

*Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!*

Hoërskool Framesby
HANDHAAF EN BOU

**UITGAWE 273 · 29 JULIE 2022**

Kontakbesonderhede: mediasentrum@framesby.co.za

## AKADEMIESE-MOTIVERINGSAAND

Donderdag, 28 Julie het Framesby sy eerste akademiese-motiveringsaand vir sy top 100 leerders aangebied. PSG se gewaardeerde borgskap het dit moontlik gemaak om Dr Eben Nel as spreker te laat optree.












## SKOUSPEL RUGBY TEEN GREY

0.19 A rugbyspan vestig hul in die geskiedenis van Framesby. Knap gedaan aan ons eerste rugbyspan wat vir Grey weer na 11 jaar geklop het. Framesby is baie trots op elke speler. Dankie aan almal wat in die reën al ons spanne ondersteun het.




## VERJAARSDAE DIE WEEK

### SATERDAG · 30 JULIE
Adriahno Booysen
Kyle Strydom

### SONDAG · 31 JULIE
Chloé Steyn
Anneqwa Witbooi

### MAANDAG · 1 AUGUSTUS
Karla Ferreira
Ewald Howard
Sue-Nelle Lewis
Juanré Verwey
Dylan Grobler
Kiara Hough
Jennifer Smith

### DINSDAG · 2 AUGUSTUS
-

### WOENSDAG · 3 AUGUSTUS
*Mev. A. Germishuys*
Hein Nel
Shimei Nortje
Lieschen Barnard
Jani Slabbert
Liam Blignault

### DONDERDAG · 4 AUGUSTUS
Ané Retief

### VRYDAG · 5 AUGUSTUS
Davin Conradie
Lize Hugo
Taylor van Jaarsveld

**HIERDIE WEEK SE FAKKEL-FLITSE WORD MET TROTS GEBORG DEUR: SUNRIDGE VILLAGE**


DEON FERREIRA
Photography








NEC

# UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Beste Ouers
Ek haal Kolossense 4 vers 2 aan: “Volhard in die gebed! Wees daarby waaksaam en dankbaar”. Mag ons volhard in gesprek met ons Hemelse Vader om Sy wil te volg.

Ouers, ek wil graag die volgende belangrike punte vir u uitlig:

A) EBERHARDT WELLNESS AND COUNSELLING - INKLUSIWITEIT
Op Donderdag 28 Julie 2022 het Hoërskool Framesby begin met ‘n program wat handel oor inklusiwiteit. Dit gaan 2 keer per kwartaal geskied.

Ouers, hierdie word as ‘n baie belangrike deel van ons skool gesien. Ons sal al hoe meer ons leerders moet inlig hoekom dit belangrik is om vir mekaar respek te hê en nie mekaar te boelie nie. Hierdie program het ten doel dat alle Framesby-leerders in ‘n gelukkige omgewing met mekaar oor die weg kan kom.

Ek versoek ook dat u al hoe meer in die opvoedingsproses sal betrokke raak en u kind korrek toerus vir die lewe daarbuite. Alles begin in die eerste plek by die ouerhuis en die skool is maar net die verlengstuk van die ouerhuis.

B) SIELKUNDIGE/BERADINGS DIENSTE
Hierdie diens word nie meer deur die skool hanteer nie. Ouers, indien u van hierdie funksie wil gebruik maak, moet u dit in u eie hoedanigheid hanteer, hetsy met maatskaplike dienste of privaat. Ons sal u op hoogte hou deur middel van ons graadhoofde indien ons ‘n probleem met u leerder bespeur.

Hierdeur versterk ons dan die beginsel van privaatheid met betrekking tot u leerder.

Die volgende moontlikhede vir sielkundige en psigiatriese verwysings teen geen onkoste is beskikbaar:

Revive – 041 373 8882/3
FAMSA – 041 585 9393
NMU Sielkunde kliniek (UCLIN) – 041 504 2354
Provinsiale Hospitaal Psigiatriese Kliniek – 041 373 0041

C) JANNIE VAN DER WESTHUIZEN
Mnr. Jannie van der Westhuizen, voormalige skoolhoof van Paul Roos Gimnasium, besoek ons op 2 Augustus 2022 om ons leerders toe te spreek en te motiveer. Dit is weereens ‘n bewys dat HS Framesby na al sy leerders se belange omsien.

Hy spreek ook die beheerliggaam en personeel die aand toe.

D) FAKKELFLITS
Ek moedig u aan om die Fakkelflits deeglik te bestudeer. Hier hou ons u op hoogte van alle gebeure en prestasies. Dit is op Framesby se Facebook-blad beskikbaar.

E) FOTO’S
’n Nuwe dinamiese proses vir fotobestellings is as volg:

o Foto’s van individuele leerders asook klas-/span-/groepfoto’s van sport- en kultuur word deur ‘n private fotograaf geneem.
o Die individuele foto’s is alreeds geneem en die bestellings sluit 1 Augustus.
o Hierdie foto’s is beskikbaar op die volgende webtuiste adres en kan daar bestel word.: www.page-photography.co.za
o Die wagwoord wat die Framesby-familie moet gebruik is: Framesby99
o Die fotobestellings sluit 1 Augustus 2022.
o Sodra jy jou bestelling plaas, sal jy ‘n e-pos ontvang met die bestel en betaalopsies.

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

o Alle betalings sal via EFT of direkte deposito gedoen word soos die inligting op die webtuiste aandui.
o Foto's sal teen einde September by Die Hanger beskikbaar wees.
o Ons sal u gereeld op hoogte hou soos foto's beskikbaar word.
o Alle navrae rondom die foto's kan per e-mail gerig word aan Charnelle De Lange Kruger by die volgende e-pos adres: charnelle@diehanger.co.za

F) SEPTEMBER VOORBEREIDINGSEKSAMEN GRAAD 12

Aangeheg die September Voorbereidings-eksamenrooster vir die Graad 12's.

Hierdie rooster het leerders alreeds ontvang en ek doen 'n beroep op die Graad 12 ouers om toe te sien dat leerders hulself goed voorberei vir die komende eksamen.

G) TOERISME GRAAD 10/11

Die PAT-Toerisme, wat deur die Departement van Basiese Onderwys gereguleer word vir Graad 10 en 11, sal plaasvind op 22 en 23 Augustus 2022. Dit vind elke dag vanaf 09:00 tot 13:00 in die saal plaas. Die leerders word vooraf deur hul vakonderwyser opgelei om dit so goed moontlik te voltooi. Geen toerisme leerders in Graad10/11 kan op hierdie dae afwesig wees nie.

Ek dank u vir u volgehoue ondersteuning. Soos ek dikwels vir u sê: die toekoms van Hoërskool Framesby is blou en goud! Kom ons werk almal saam om dit so te hou.

**MARIUS GERMISHUYS**
SKOOLHOOF



SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# SPORT UITSLAE:

## Skaak:

Ons het die afgelope Vrydag teen St Dominics skaak gespeel. Daar was ‘n paar tawwe wedstryde, maar op die ou end speel ons gelyk op.

Twee van ons spelers het Vrydag en Saterdag aan die 3de rondte van proewe deelgeneem. Beide van hulle het 0/16 gespeel terwyl hulle in graad 8 is.

Ruan Grigor eindig 14de
Ruben Bouwer eindig 9de



## Gholf:

vs Grey PE
Verloor 9 – 0

## Hokkie:

Dogters vs Collegiate:
14 A verloor 8 – 0
16 B verloor 5 – 0
16 A verloor 3 – 0
2de verloor 8 – 0

Dogters vs Alexander Road:
16 B gelykop 0 – 0
2de verloor 4 – 1
14 A wen 1 – 0
16 A wen 1 – 0
1ste gelykop 1 – 1





Seuns vs Alexander Road:
1ste verloor 10 – 0
14 A gelykop 3 – 3

## Rugby:

vs Grey PE:
14A verloor 17-6
14B verloor 10-5
14C verloor 21-0
15A verloor 12-10
15B verloor 19-17
16A gelykop 10-10
16B verloor 31-0
4de verloor 53-0
3de verloor 22-7
2de verloor 24-10
1ste wen 14-10



## Muurbal:

1ste wen Muir 9 – 6
4de wen VP 9 – 1
2de vs Pearson uitgestel

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment: 041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road, Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# FRAMESBY LANDSDIENS PRESTEER

Die jaarlikse Streekkamp vir Landsdieners het plaasgevind vanaf 27 Junie tot 1Julie 2022.Dit is gehou op die plaas Skietfontein in die Somerset-Oos distrik.

Sestien van die sewentig klublede het die kamp meegemaak.Altesaam 130 kinders en 30 volwassenes van 10 verskillende skole het saamgekamp en ń interessante en vermoeiende program is deurloop. Tydens die 5 dae is genomineerde lede geevalueer en is daar kinders gekies om die Nasionale kampe by te woon.Vanjaar se kampe word aangebied by Kopbeenskloof naby Montagu. Die junior nasionaal word by Bergkroon naby Wellington en die senior nasionale kamp word by Wemmershoek naby Franschhoek gehou. Zané Jubber,Mia Harmse,Ilani Greeff,Samantha Deysel,Jani Slabbert en Matthys Potgieter sal die junior nasionale kamp bywoon. Alta Nortje,Anabelle Jonck en Dewan Venter sal die senior kamp bywoon. Die kampe vind vanaf 10 tot 15 Desember 2022 plaas. Daar is ook vier leerders as reserwes gekies.

Ons wil graag dankie sê aan me Shanleigh Havenga,mnr Divan Barnard en mnr Helmut Terblans wat die leerders vergesel het en as groepleiers en kampouers opgetree het. Die Hoërskool Framesby se Landsdiensklub is getaak om aanstaande jaar se Streekkamp aan te bied .Die kamp sal na alle waarskynlikheid by Mentorskraal naby Jeffreysbaai aangebied word.













SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# FRAMESBY LANDSDIENS



Zané Jubber,Mia Harmse,Ilani Greeff,Samantha Deysel,Jani Slabbert en Matthys Potgieter sal die junior nasionale kamp bywoon. Alta Nortje,Anabelle Jonck en Dewan Venter sal die senior kamp bywoon. Die kampe vind vanaf 10 tot 15 Desember 2022 plaas. Daar is ook vier leerders as reserwes gekies.

# SKOOL FOTO'S:

o Foto's van individuele leerders asook klas-/span-/groepfoto's van sport- en kultuur word deur 'n private fotograaf geneem.
o Die individuele foto's is alreeds geneem en die bestellings sluit 1 Augustus.
o Hierdie foto's is beskikbaar op die volgende webtuiste adres en kan daar bestel word:
**www.pagephotography.co.za**
o Die wagwoord wat die Framesby-familie moet gebruik is: Framesby99
o Die fotobestellings sluit 1 Augustus 2022.
o Sodra jy jou bestelling plaas, sal jy 'n e-pos ontvang met die bestel en betaalopsies.
o Alle betalings sal via EFT of direkte deposito gedoen word soos die inligting op die webtuiste aandui.
o Foto's sal teen einde September by Die Hanger beskikbaar wees.
o Ons sal u gereeld op hoogte hou soos foto's beskikbaar word.

o Alle navrae rondom die foto's kan per e-mail gerig word aan Charnelle De Lange-Kruger by die volgende e-pos adres: charnelle@diehanger.co.za



SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# FRAMESBY-YSTERS HOU TERREIN SKOON

Ons wil graag van die geleentheid gebruik maak om die ATKV Sweepslag te bedank dat hul Saterdag, na die eerste rugbyspan wedstryd die terrein skoon gemaak het. Dankie vir alles wat julle doen. Ons waardeer dit!!

Dankie aan die volgende leerders:
Anri van Zyl, Kristien van Schalkwyk, Elanca van Jaarsveld, Suné Beneder, Tia Saayman, Lucy La Grange, Kayleigh Erasmus, Amisha vd Walt, Suné du Preez, Melissa Dillion, Heila Oosthuizen, Déwan Venter, Wiehahn de Lange, Ryan O'Ehley, Udo Ferreira, Zané Grundling, Christel van Rensburg en Dustn Vermaak.



# HOKKIE NUUS:

**Milla Otto OP 0.18B HOKKIESPAN**

Milla het tydens 26 Junie - 1 Julie aan die 0.18 SASHOC Nasionale Hokkietoernooi deelgeneem. Haar span het 'n vyfde plek by die toernooi behaal. Mnr. Jordan Drury was die afrigter vir die OP 0.18B-Span.



SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# FRAMESBY GESELS OP LUISTERFM

Saterdagoggend om 8:30 op Luister FM het Hoërskool Framesby en Hoërskool Grey se eerste span rugbykapteine en afrigters voor die groot wedstryd gesels.







# LUCY KAPTEIN VAN OP 0.21 HENGELSPAN:

Baie geluk aan Lucy La Grange wat as die kaptein van die OP-hengel onder 21-span verkies is. Lucy gaan in Oktober aan die All Coastels deelneem wat in Knysna sal plaasvind.





SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# LANDLOOPUITSLAE TEEN PEARSON

Framesby het uitstekend gevaar in die PE-landloopliga wat by Pearson plaasgevind het. Ons het vier van die moontlike 6 spankompetisies, naamlik dogters 0.15, dogters 0.17, dogters 0.19 en seuns 0.17 gewen.

Die volgende atlete het onder die eerste 3 posisies in hul ouderdomsgroepe geëindig:
• Suné du Preez behaal 'n eerste plek dogters 0.19

• Die volgende atlete het tweede plekke behaal:
- Elanca van Jaarsveld (dogters 0.17)
- Tiaan Peens (seuns 0.16)
- Jamie-Lee Bester (dogters 0.14)
- Ruben Bouwer (seuns 0.14)

• Die volgende atlete het derde plekke behaal:
- Luka Bessinger (seuns 0.14)
- Jeanre Oelofse (seuns 0.17)
- Alouise Vosloo (dogters 0.15)
- Carli Maritz (dogters 0.14)
- Zane Jubber (dogters 0.16)

Baie geluk aan die atlete!




SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# ANRI DRING DEUR NA 11 SWEM-FINALE

Tydens die afgelope Junie-vakansie het Anri de Beer (graad 9) aan die Cape Coastal Grand Prix swem kompetisie deelgeneem. Die kompetisie bestaan uit 'n reeks van 3 opeenvolgende galas, naamlik die PEA Winter Gala (gehou in Port Elizabeth, 25 - 27 Junie), die Eden Aquatics Winter Sprints Gala (Knysna, 29 - 30 Junie) en die Cape Town Aquatics Invitational Meet (gehou in Somerset-Wes, 2 - 4 Julie). Die kompetisie is oor 'n tydperk van 11 dae aangebied en Anri het geleentheid gekry om aan 20 items deel te neem. Sy het na 11 finale deurgedring.

Hierdie kompetisie is vanjaar vir die eerste keer aangebied en is besonder goed ondersteun deur swemmers vanuit onder meer die Oos-Kaap, Wes-Kaap, Grens en Eden distrikte. Dit was 'n uitmergelende reeks galas met strawwe kompetisie in beide die uitdunne en die finale. Dit was vir Anri 'n ervaring soos nooit tevore nie en het haar uithouvermoë tot die uiterste getoets.

Anri het die volgende top 10 posisies behaal:
PEA Winter Gala
5de - 200 meter rugslag (meisies 13 - 14 jaar)

Eden Aquatics Winter Sprints Gala
4de - 50 meter rugslag (meisies 13 - 14 jaar)
5de - 100 meter rugslag (meisies 13 - 14 jaar)
8ste - 50 meter vlinderslag (meisies 13 - 14 jaar)
8ste - 100 meter individuele medley (meisies 13 - 14 jaar)
9de - 50 meter vryslag (meisies 13 - 14 jaar)
10de - 100 meter vryslag (meisies 13 - 14 jaar)

Cape Town Aquatics Invitational Meet
5de - 400 meter vryslag (meisies 12 - 14 jaar)
5de - 200 meter rugslag (meisies 13 - 14 jaar)
6de - 100 meter vlinderslag (meisies 13 - 14 jaar)
9de - 50 meter vlinderslag (meisies 13 - 14 jaar)





# EBERHARDT WELLNESS AND COUNSELLING

Eberhardt Wellness and Counselling het op 28 Julie 2022 die graad 8 -11 leerders kom toespreek rondom Inklusiwiteit. Die skool sal op 'n gereelde basis ons leerders inlig en bemagtig om Inklusiwiteit goed te hanteer. Baie dankie aan Eberhardt Wellness and Counselling hiervoor.

EBERHARDT
WELLNESS + COUNSELLING







SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# NUWE BOEKE IN MEDIASENTRUM








THE MISSING SISTER





THE WHISTLING





YOU'VE REACHED SAM





IT'S NOT SUMMER WITHOUT YOU




PERDE OMNIBUS 1




STROOISUIKER LIEFDE




WHERE THE CRAWDADS SING




VRYDAG US EK VERLIEF

## UITNEEM VAN BOEKE OF DVD'S:

- Leerders kan teen geen koste boeke of dvd's uitneem.
- Leerders kan 3 boeke of dvd's op 'n slag uitneem.
- Die items kan vir 14 dae gehou word voordat dit ingehandig of hernu moet word.



Leerders kan tussen pouses of na skool huiswerk in die Mediasentrum kom doen.

• • •

Leerders mag ook die rekenaars gebruik om navorsing te doen (gratis)

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# Ramble Rugsak

**R 650 BESKIKBAAR IN DIE HANGER.**

KWALITEIT

DUURSAAM



GEWAARBORGDE PRODUK

PLEK VIR NAAMPLAATJIE

SKOOLWAPEN GEBORDUUR

**SYKOUSE WEER IN VOORRAAD**
**Silky Shine Blackmail teen R45**
**Lycra Opaques Navy teen R50**

DIE HANGER

Hoërskool Framesby

HANDHAAF EN BOU

# Ondersteun
# Hoërskool Framesby
# deur Samba



Sluit vandag aan by Samba en deel in die voordele.

***Sms nou "FRAMESBY" na 30907***

Samba sal u kontak vir lidmaatskap.

soveel meer vir my | so much more for me

Samba

Koöperatief Bpk | Co-operative Ltd

www.sambakoop.com

Samba Koöperatief Beperk is 'n gemagtigde FDV (Nr. 18212) en 'n geregistreerde KDV (NCRCP 1270). Termes en voorwaardes geld

# Wat is die VOORDELE om by SAMBA aan te sluit as lid?

- ‘n Kontant-terug-bonus op aankope word jaarliks gedurende November aan lede uit betaal
- Sambalede kry tot 50 dae rentevrye krediet vir aankope
- Geen maandelikse fooie of transaksiekoste nie
- Tot 10% kontant-terug-bonus op aankope (brandstof uitgesluit)
- Samba fasiliteer korttermynversekeringpremies deur Santam, Hollard en Bryte
- Die maandelikse premie kwalifiseer vir 'n maandelikse bonus
- Mediese gapingdekking deur Optivest en Stratum
- Bekostigbare gesins begrafnisbystandfonds
- Na 6 maande lidmaatskap kan lede aansoek doen vir motorfinansiering en ander batefinansiering teen 'n gekoppelde rentekoers of vaste rentekoers van 12%* per jaar
- Persoonlike lenings teen 'n gekoppelde rentekoers of vaste rentekoers van 9.5%* per jaar kan voor aansoek gedoen word na een jaar van lidmaatskap
- 'n Bedrag van Samba se diverse wins in vergelyking met hul jaarlikse aankope word ook aan lede toegeken
- Dit alles en nog meer is beskikbaar teen 'n minimale kaartfooi van R294* per kaart per jaar

## Hoe werk die rentevrye krediet vir aankope?

Die Sambarekening sluit alle aankope in vanaf die 16de van 'n maand tot en met die 15de van die volgende maand. Lede sal hul Sambarekening ontvang voor die laaste week van elke maand.

Die uitstaande bedrag moet betaal word voor of op die 5de van die daaropvolgende maand om te kwalifiseer vir u bonus. Bv. Die Samba aankope maand loop vanaf 16 Januarie – 15 Februarie met die volle bedrag betaalbaar teen 5 Maart.

## Hoe doen ek aansoek vir lidmaatskap?

*Voltooi ‘n aansoekvorm en stuur die voltooide aansoekvorm terug na Samba tesame met u nuutste maand se bankstaat en salarisstrokie OF slegs u nuutste maand se salarisstrokie, afskrif van u ID en ‘n bewys van adres na aansoek@sambakoop.com.*

*Aansoekvorms is beskikbaar op ons webblad by www.sambakoop.com of stuur vir ons 'n e-pos na aansoek@sambakoop.com. of skakel u naaste Samba-kantoor by Bloemfontein: 051 448 0111, Kimberley: 053 831 1976/7 en Port Elizabeth: 041 363 2727.*

**Koste en rente kan van tyd tot tyd verander soos deur die kredietgewer bepaal. Aansoeke is onderhewig aan goedkeuring. Persoonlike lenings is beperk tot 'n maksimum toegelate bedrag. Samba (Koöperatief) Beperk is 'n gemagtigde Finansiële diensteverskaffer (lisensienr. 18212) en 'n geregistreerde kredietverskaffer (NCRCP1270). Terme en voorwaardes geld.*

HOËRSKOOL FRAMESBY BIED AAN

# MNR EN MEJ FRAMESBY

## 2022

## 4 AUGUSTUS 2022

18:30 VIR 19:00

R70 BESPREEK | R50 ONBESPREEK

FRAMESBY SKOOLSAAL

TYDENS POUSE SAL DIE KOSBLIK VIR VERSNAPERINGE OOP WEES.

**KAARTJIES BESKIKBAAR BY DIE ALGEMENE KANTOOR**





ONS WINKEL

*Het jy die volgende?*

- **Klere**
- **Linne**
- **Meubels**
- **Kombuisware**
- **Elektriese toebehore**
- **Enige iets anders wat in jou pad staan**

*Jou weggooigoed word 'n reddingsboei!*

Skenk dit asseblief aan

## ONS WINKEL
## PE NEWTON PARK

Ons sit hierdie ware in kontant om en stig dan onder meer studiefondse vir behoeftige kinders om te gaan studeer, of wend dit aan om armoede te verlig.

**WWW.ONSWINKEL.CO.ZA**

**Bennie Scholtz**
**084 703 6533**
**Madelane Scholtz**
**073 247 2330**

**Nobilistraat 12**
**Newton Park, Port Elizabeth (Gqeberha)**

# FRAMESBY OUDSKOLIERE

## ONS GESELS MET: Chris Knoetze






*Chris Knoetze*

Wat ‘n voorreg om weer terug te dink aan die goeie ou Framesby-dae…..maar ek glo die Framesby van vandag is beslis “NEXT LEVEL”.

Ek het in 1988 gematrikuleer.
Vroeg in Januarie vanjaar het ek my kinders die skool gaan wys.(Ek is getroud met Zelda, ‘n Namibiër, en ons het twee dogters: Elizabeth – 18 jaar en Christine - 14 jaar. Ons bly in die Kaap.) Die skoolhek was oop en soos ek langs die rugbyveld voor die paviljoen verbyloop, kry ons toevallig vir Mnr Marius Germishuys…..natuurlik word ons toe op ‘n toer deur die skool geneem.

Dinge is besig om te gebeur en die fasiliteite lyk fantasties……die paviljoen,“Die Kosblik”, krieketnette, uitstekende hokkie-astro, die gronde is netjies en nuwe klaskamers is in aanbou. Dit spreek van die harde werk van die beheerliggaam, ouers, personeel en natuurlik die visie en leierskap van die skoolhoof. Ons Framesby-leuse “Te Handhaaf en Bou” word beslis uitgeleef!!!

Ons doen by die skoolsaal aan en ek kyk na die name op merieteborde agter teen die muur. Wat ‘n voorreg om jou naam te soek en vir jou kinders te wys! Dit was baie spesiaal. Ek kyk na die name van die 5 jaar voor en 5 jaar na my matriekjaar (1988), wat tog maar ‘n mens se era is. Soos ek deur

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

die name lees, het ek net weer besef en my verwonder aan al die sporttalent (alle sporte) wat Framesby opgelewer het – dit was "rou" talent.

Ek is dankbaar om deel te kon wees van 'n uitstekende skool met uitstekende onderwysers.

Sport was maar my ding (akademie 2de) en ek het aan atletiek en rugby deelgeneem. Ek het die goue medalje in driespong by die SA Junior Kampioenskappe in 1988 gewen en is ook ingesluit in die SA Skole Atletiekspan. Dit sou nie gebeur het as ek nie blootstelling gekry het deur 'n onderwyseres wat my aangemoedig het om aan driesprong deel te neem nie. Jenny Kingwell (nee Beckmann) was nie net 'n uitstekende Wiskunde-onderwyser by Framesby nie, maar sy was ook 'n uitstekende sportvrou en atletiekafrigter.

'n Verdere atletiekhoogtepunt was om deel te wees van die atletiekspan wat in Sasolburg gaan deelneem het. Dit was 'n baie groot geleentheid. Net vir kontekts, die span het uit 10/14 atlete bestaan en net die top seuns-en meisiespan van elke provinsie het in Sasolburg gaan deelneem. Dit eers na 'n kwalifiserende byeenkoms wat die wenner van die provinsie bepaal het. Sasol het vir alles betaal – vliegtuigkaartjie, verblyf, oefentops, ens.

Die geleenthede was maar min en dit was nie so algemeen soos vandag se groot geborgde byeenkomste en toernooie nie. Net so het sosiale media nie bestaan nie. Foto's was maar skraps en ons het ook nie SuperSport Schools gehad vir verdere blootstelling nie. Ek was baie gelukkig dat hulle die Sasol-byeenkoms op TV uitgesaai het.

Hier is die "link" na 'n paar van my spronge op Sasolburg: YouTube_Chris K Sasol

Vir my is dit baie waardevol, maar my vir kinders is dit 'n groot "embarrassment"….."Kyk net Pa se brommerbrille!!!"

Ek dink terug aan die onderwysers wat in beheer was van atletiek en die tyd wat hulle daaraan spandeer het (sonder vergoeding). Mnr. Piet Spies, Mnr. Lombard (ons het aflos geoefen tot ons













SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

blou in die gesig was), Anton Gerber en Magda Botha. Mnr. Gerber het op ‘n stadium saam met ons gaan bulte hardloop en hy moes na die tyd vir hitte-uitputting behandel word!

Ek was bevoorreg om ook die Bloktrui te kon dra. Ek het in 1987 (Kaptein: Coenie Du Toit) en 1988 (Kaptein: André Hough) vir die 1ste Span rugby gespeel. Die Vrydagaande se braai en “team talk” voor die Saterdag se “game” en spangees sal ek altyd onthou.

Ek het ook Cravenweek-rugby gespeel vir die OP-Vyftiental (OP B-Span), die jaar toe die Cravenweek in Port Elizabeth gehou is. ‘n Verdere hoogtepunt was om in die 1ste interskole teen Andrew Rabie te speel - die opbou en natuurlik die 6-4 wen sal my altyd bybly!!

Mnr. Basie Greeff was ‘n inspirasie. Ons het hard geoefen en baie geleer. Hy het nooit werklik tydens ‘n wedstryd/rustyd betrokke geraak nie, want die spel was ons s’n. Ons “game plan: “Heine, kry ons in hulle gebied/helfte en ons speel van daar”. (Hein Neethling was ons onderkaptein en losskakel)…...en dan eggo ons kaptein (André Hough) se woorde vandag nog in my kop…”ons vra niks (genade) en ons gee niks (genade)…” simple game plan.

Ek dink ook terug aan my ander rugby-afrigters: Mnr. Wynand Rauch (o/14); Mnr. Herman Koornhof en Mnr. Danie Van Schalkwyk (o/15); en Mnr. Hammies Van Niekerk (o/16).

Ek kan onthou toe my spanmaat, Tjaart Labuschagne, vir Mnr. Hammies van Niekerk vra of ons ons rugbytruie se moue kan afsny, m.a.w. kortmoutruie dra….Mnr. Hammies se heftige reaksie was: “Is jy nou be-F#$@k, sien jy dat die Springbokke hulle moue afsny?”…die saak is net daar gelaat. Ons Framesby-klere is net so belangrik geag as dié van die Springbokke!!!!!!

Ek was ook op die Leerlingraad met die hoofleiers in ons jaar, Thys Van Zyl en Desree Otto.

Tussen klasse het ek en Pienaar Agenbach probeer om by die huishoudkundeklas verby te sluip op soek na iets te ete. Juffrou Lalla Schelbert het ons nooit teleurgestel nie – die flops was koningskos en partykeer was ons gelukkig om ook van die suksesvolle pogings te proe.








Framesby se wenspan

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

Na skool het ek aan die Universiteit van Stellenbosch gestudeer waar ek ‘n M.Comm (Logistiek)-graad en ook later ‘n MBA by die Stellenbosch besigheidskool behaal het.
Ek werk my loopbaan lank in die Logistieke (Supply Chain / Procurement) veld, en huidiglik bestuur ek RTT Logistics se uitvoerdienste na Afrika.

Ek geniet bergfietsry vir ontspanning – ons het fantastiese roetes in die Tygerberg-omgewing. Ek wens altyd ek het vroeër begin fietsry en dink dan terug aan ouens wat op skool so uitstekend in fietsry presteer het……..Hein Botes, De-leon Van Rooyen, Gert Nel, net om ‘n paar te noem. Hulle was die tyd ver vooruit.

Ek het ook die onlangse oudleerlingsamekoms in die Kaap bygewoon - wat ‘n voorreg om Mnr. Kritzinger weer te sien. Weereens spreek dit van die visie van Mnr. Germishuys om uit te reik na oudskoliere in ander provinsies in die sin van “ons kom na julle” om te vertel van die skool.

September is dit die Gautengers se beurt en ek glo Mnr. Clint Gabers en Mev. Mariné Snetler gaan hul  weer uitstekend van hul taak kwyt, net soos in die Kaap.

Laastens, my verbintenis met Framesby loop diep. My pa, Calvyn Knoetze, was deel van die eerste personeel in 1966. My broer, Erich Knoetze, was hoofseun in 1983 en ook die eerste SA Skole Rugbyspeler wat Framesby opgelewer het. Beide is al oorlede en ek glo hulle sou vandag, net soos ek, opreg trots wees op die Hoërskool Framesby.



# Skole se uitblinkers

DIE atlete van die Hoërskool Framesby het vanjaar weer gemaai onder die rekords tydens die skool se kleurebyeenkoms en nie minder nie as 14 rekords is verbeter. Onder die uitblinkers by die byeenkoms, was voor van links Sunelle Coetzer (200 meisies o.14), Leonette Nel (200, 800 en beste prestasie meisies o.14), Malinda Oosthuizen (skyfwerp, gewigstoot en beste prestasie meisies o.15), Karen du Toit (beste prestasie meisies o.16), Bernice Myburgh (spiesgooi meisies o.14). Agter staan van links Niel Kritzinger (beste prestasie seuns o.14), Andries Fourie (100H, 200H en beste prestasie seuns o.15), Debbie Castelyn (hoogspring, 200H meisies o.15), Karin Botes (1 500 en beste prestasie meisies o.19), Hanlie Potgieter (hoogspring meisies o.19), Chris Knoetze (driesprong en beste prestasie seuns o.17), Johan Mulder (verspring seuns o.15) en Renier Nel (beste prestasie seuns o.19).





SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# FRAMESBY VS GREY MEER AS NET 'N WEN

Die Framesby-Grey-bepaling was nog nooit sommer net nog een op die kalender nie, nog nooit iets wat ons sommer net gou kafdraf nie, of net nog 'n boksie om te "tick" nie. Nee, dis 'n GROOT ding. Een wat ons WIL wen. Maar vir die een of ander rede sukkel ons met dié een. Wenne is maar dun gesaai, en dan was daar altyd daardie games wat ons moes gewen het! Selfs die emosies is al opgejaag met herinneringe aan die Boere-oorlog!

Maar toe tree die ysters van 2022 aan en maak sommer baie uit die verlede ongedaan. Die feit dat hulle tot dusver vanjaar redelik goed gevaar het, het glad nie die "odds" na hulle kant geswaai nie. Soos hulle sê: "Cometh the hour, cometh the man"! Wat 'n belewenis om Saterdag daar te kon wees! Die vol pawiljoen en die spontane en uitbundige vreugde van die Framesby-ondersteuners, veral die leerders. Hoendervleis-ervaring.

Min mense weet dit, maar dis vanjaar die 40ste jaar dat Framesby se eerste span uitdraf in die Bloktrui. Van 1982 af is daar hard gewerk daaraan om 'n unieke Bloktrui-tradisie daar te stel. Vir die bevoorregtes wat daarin kon speel, verteenwoordig hierdie trui baie meer as om eerste span te speel, baie meer as wen of verloor. Dit was nog altyd 'n toets of jy die die voorreg waardig is, of jy ná die wedstryd die Jubalaya jubelend kan doen omdat jy niks meer kon gee nie. Natuurlik was daar oor die jare 'n paar manne wat hierdie voorreg nie genoeg waardeer het nie, maar die oorgrote meerderheid onthou hul ervarings in die Bloktrui as van die beste in hul lewe.

Juis daarom behoort mens Saterdag se oorwinning binne die groter prentjie in perspektief te plaas. Wat die manne Saterdag vermag het, was weer eens 'n bevestiging van die karakter wat ons skool oor meer as 50 jaar so 'n besondere plek maak. Die span is nie belaai met sterre nie, en omtrent die hele span het in Graad 8 by Framesby begin. Almal bly binne 15km van die skool af en niemand bly in 'n koshuis nie. Dis eintlik 'n klomp baie gewone laaities wat buitengewone dinge doen! Dis manne wat BAIE hard werk en baie tyd opoffer, sonder om noodwendig te droom oor kontrakte en 'n loopbaan in beroepsrugby. Dit gaan oor alles gee, vasbyt, spangees en 'n opregte dankbaarheid vir 'n Godgegewe geleentheid. En om mekaar se broers te wees.

En dis Framesby. Ons staan vir niemand terug nie. Ons is nie bang vir verloor nie, maar moet ons nie vlak kyk nie. Ons speel atyd om te wen, en as jy ons wil klop, moet jy beter wees. Niks word op 'n skinkbord weggegee nie. Oor baie jare al doen Framesby alles moontlik om ons leerders bloot te stel aan die sterkste moontlike kompetisie, en word soms daaroor gekritiseer. Maar dis die karakter van ons kinders, en die toewyding van ons onderwysers, wat sorg vir dae soos Saterdag. En dis nie net die eerstespan nie, en ook nie net rugby nie. Dis waar op alle terreine: akademies, op kultuurgebied en ook in ons sporte. Saterdag kon mens by al die spanne die veggees en genot vir die spel sien.

Framesby het eintlik geen "reg" om skole met koshuise en dik beursies aan te vat nie, maar ons doen. In tye waar die gehalte van skole dikwels gemeet word aan uitslae en oppervlakkige "window dressing", is Framesby bereid om die "knocks" te vat tot voordeel van ons leerders. Dat ander skole 'n terloopse oorwinning teen Framesby opblaas en uitbasuin as 'n bemarkingsgeleentheid, is eintlik 'n baie groot kompliment vir ons skool. Karakter praat uiteindelik baie harder as bemarkingfoefies.

'n Mens het gewonder hoe die skool- en sportlandskap post-Covid gaan lyk, en of tradisies soos Bloktrui-rugby dit gaan oorleef. Vir die span van 2022 kan ons net sê: Awesome! En baie dankie dat julle die tradisie verstaan en voortsit. Dis baie duidelik hoeveel julle vir mekaar omgee en dat julle nie windgat is nie. Julle was Saterdag weer reuse wat iets nagelaat het waarna die jong laaities kan streef. Aan die afrigters ook baie dankie dat julle nie net met uitstekende afrigting nie, maar ook met julle harte die vlam hoog laat brand. Dis wonderlik dat vier manne in die afrigtingspan op hul dag die Bloktrui met onderskeiding gedra het, en dat die ander manne die tradisie 100% verstaan.
Die wen was lekker, maar vir ons vir wie Framesby, en ook die Bloktrui na aan die hart lê, was die gees nog lekkerder. Die gees van omgee, van verantwoordelikheid neem, van sportmangees, van nederigheid en van mekaar geniet. Maar bowenal, van dankbaarheid teenoor Hom wat alles moontlik maak.

BAIE TROTS! Dis lekker om 'n Framesby te is!!

*- Wynand Rauch*

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# OUDSKOLIERE SAMEKOMS:

**10 SEPTEMBER 2022**
18:30 VIR 19:00

**BESPREEK JOU PLEK VOOR 30 AUGUSTUS 2022**

*Framesby se toekoms is blou en goud!*




HOËRSKOOL FRAMESBY

## OUDSKOLIERE *samekoms* IN PRETORIA!

KOM KUIER SAAM MET DIE SKOOLHOOF EN BEMARKERS BY AFFIES IN DIE 1920 RESTAURANT.

**R200 PER PERSOON**
SLUIT IN KOS EN DRANK

VIR ENIGE NAVRAE EN BESPREKINGS:
MEDIASENTRUM@FRAMESBY.CO.ZA

**FRAMESBY ONDERSTEUNERSVERENIGING**




*kom vang gees saam met ons!*

**FOV IS VRYDAG, 29 JULIE 2022 OOP! VANAF 17:30**

**DIE KOSBLIK IS OOP TOT 19:00**

**FOV IS SATERDAG NA DIE EERSTESPAN WEDSTRYD OOP!**


SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment: 041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road, Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# OUDSKOLIERE BERIGTE:

Indien jy iemand vir die Oudskoliere-berig wil nomineer, kontak ons gerus : mediasentrum@framesby.co.za.

Ons wil graag berigte plaas van al ons oudskoliere, maar benodig hul selfoonnommer/e-pos om kontak te maak.

Dis altyd lekker om te hoor waar ons oudskoliere hulself vandag bevind sowel as om terug te kyk na almal se Framesby herinneringe.

# OUDSKOLIERE-NAWEEK:



## DAGBOEK DIE DATUMS:

## 26,27 AUGUSTUS 2022

Ons beplan om tydens ons interskole-naweek teen Nico Malan ‘n lekker markiestent vir ons oudskoliere op te slaan. Die tent sal agter die rugbypale opgerig word. Saterdag sal Die Kosblik oop wees en daar sal ook ’n paar kosstalletjies wees.

Die tent sal alreeds Vrydag, 27 Augustus vanaf 18:00 - 22:00 oop wees. En Saterdag sal die tent na die eerstespan wedstryd oopmaak.

Ons nooi alle oudskoliere uit om die dag saam ons te kom spandeer en ons al ons sportspanne te kom ondersteun.

**MEER INLIGTING VOLG BINNEKORT.**

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# FRAMESBY
## OUDSKOLIERE (FOS)

Beste Oudskolier
Ons wil julle graag van gebeure rondom jul alma mater op hoogte hou. Om hierdie rede wil ons graag ons databasis op datum bring en vra dat alle oudskoliere asb. die volgende inligting na **fos@framesby.co.za** sal e-pos:

- ✓ NAAM EN VAN :
- ✓ NOOIENSVAN:
- ✓ ID-NOMMER:
- ○ JAARTAL GEMATRIKULEER:
- ○ ADRES:
- ○ PROVINSIE:
- ○ BEROEP:
- ○ TELEFOON:
- ○ SELFOONNOMMER:
- ○ E-POSADRES:

**U inligting bly hoogs vertroulik.**
**Die rede hoekom ons u ID-nommer benodig, is om te verhoed dat ons duplikate op ons sisteem stoor.**




SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# POSTNET
## SUNRIDGE VILLAGE

We now do

**motor vehicle licence renewals**

*Motor vehicles
*Bakkies
*Trailers
*Motorbikes

No mess! No fuss! No queue!

postnet@pnsunridge.co.za
041 360 7441

**R200 service fee per licence**